

Die Finale Aanslag

Die finale aanslag

In die laaste tyd het die aanslag van die duisternis so geweldig geword dat die Lig besluit het om 'n einde daaraan te maak. Die Lig (YAHUSHA) het openbaar wat die duisternis se oorlogstaktiek is sodat die klompie Israeliete wat nog oor is kan sien dat hulle wel in 'n oorlog is. Vir die oorlog geveg na geregtigheid is YAHUSHA vir Israel, en na onreg is Satan. (Deut.29:29; Job.12:22; Ps.98:2; 1Pet.1:5; 1Joh.3:10)

Die demone ry fisies op die Israeliete asof hulle hul veg perde is om met die ander Israeliete te veg. Party Israeliete is vervul met die demone en ander is net verblind deur hulle. Die demoon - vervulde Israeliete kan die duisternis met lustigheid gebruik en die blinde Israeliete om net saam in die geveg te wees deur hulle jaloesie, kwaad word of enige wêreldse probleme wat hulle kan gebruik. Met eiegeregtigheid en die wêreldse probleme maak hulle hom op teen YAHUSHA en 'n vegter vir die duisternis (1 Sam.16:14; Jer.7:24; Eseg.1:4; Matt.5:37; 1 Joh.3:12).

Die duisternis se aanval tegniek is goed (*hulle dink so*) uitgewerk, omrede hulle met al hulle magte sit en wag terwyl die demoon vervulde Israeliete onder mekaar baklei en baie skades ly. Met die verloop van die oorlog sal baie dinge geopenbaar word, dan sal daar baie Israeliete se oë oopgaan, lig sal deurdring om te begin skyn na hulle. Jes.58:8; Miga.2:13

Na die eerste fase, van misbruikte Israeliete sal die oorlog oorgaan na die tweede fase waar in die plek van dié Gesalfde (antichris) ten volle oorgehaal is om met mag die Israeliete van die aarde af te vee (1 Joh.2:18,22; 1 Joh.4:3; 2 Joh.1:7).

Die krygsgevangenes van die duisternis (kerkgangers) word nie dood gemaak nie, maar word gevoer met gif van kwaad, vrees en verwerping. Baie sterf in gevangenskap deur hulle eie broers en predikers se wellus en eiegeregtigheid. Na 'n tyd van gevangenskap het baie so vergiftig geraak dat hulle nou deur die demone gebruik word om teen hulle Israelitiese broers te veg. Met die taktiek veg Satan al vir 'n baie lang tydperk (6000 jaar) net onder die Israeliete waarvan hulle links en regs mekaar uitmoor (fisies en geestelik). Die duisternis het nou so 'n groot verwarring onder die Israeliete gebring dat die vegters van die Lig dit nou moeilik vind om die ruiters (demone) van duisternis te dood (Jes.61:1,11; 2 Pet.2:12).

Soos die oorlog voortsleep kry die vegters op die slagveld die swaarste. (*Die vroue met 'n ander uitkyk op die lewe wat na vrede streef en net wil laat leef; kinders wat nie fout vind om te verander van die ouers se siening nie "liberalistiese gedagtes" en oumense wat eiewys is en net glo wat vir hulle reg is.*

Die manne is konsekwent in hulle eie besluite om te veg teen die aanvalle of om oor te loop en die aanvallers te vergesel teen hulle eie mense "joiners" Vryheid gelykheid en broederskap). Die duisternis dink dat sy strategie wat hy daar gestel het, volmaak is en dat hy nie eers sy eie mag hoef te gebruik om die Lig aan te val nie, want die oorvol kampe (kerke) wat ontsettend vol gewondes is, wat kwaad en ontevrede is teen VADER oor hul geliefdes wat gesneuwel het in die oorlog. (Lev.18:23; Lev.20:12; Eseg.9:12; Ps.106:35; Dan.2:43).

In die kampe (*kerke*) van aangehoudenenes gaan daar 'n ontwaking kom wat 'n groot omwenteling in die oorlog teweeg gaan bring. Geloof, Hoop en Liefde. Hulle sal onder hulle opstaan en hulle versterk en sonder dat die duisternis iets daaraan kan doen, sal hulle die wapenuitrusting van Geloof, Hoop en Liefde aantrek. Met die uitrusting sal hulle nou uit die kampe kan breek en terugkeer na die vegters van die Lig. Met die nuwe uitrusting is hulle nog onkundig en moet hulle eers vlug na die berg van Sion (*geregtigheid*). Daar sal hulle versterk kan word en meer kundigheid ontvang om die vyand te oorwin.

Aan die onderpunt van die berg is die gevegte hewig, want die vyand weet dat die berg nie vir hulle bedoel is nie en ook geen beskerming aan hulle bied nie. Hoe hoër die ontwaakte klim (*leerproses*) hoe groter en sterker word hulle wapenuitrusting. (Jer.46:4) Wat belangrik is, is dat hulle nooit enige van hulle wapenuitrusting mag uittrek of agterweë laat nie. Die rede van die vashou van die uitrusting is dat die berg wat geklim word glad en glibberig is en dat jy dit nodig sal hê met die optog. Daar gaan tye kom dat die rotswande so skerp gaan wees dat jy jou swaard moet gebruik om dit in die skeure in te steek om jou te stabiliseer sodat jy nie na benede stort waar die geveg nog hewig is (*kerkisme*).

Besef moet daar ook wees dat alle Sions bergklimmers kwesbaar is op enige vlak van die klimtog; van jongeling tot 'n ou geleerde.

(Matt.26:41; Luk.4:13; Luk.8:13; Jak.1:12,13; 2 Pet.2:9)

Met die klim proses (*leer*) word jy al hoe minder moeg om te klim en jou sig en sterkte vermeerder. Met die hoër opklim van die berg begin jy bo-oor die geveg te sien wat benede woed tussen die Israeliete wat deur die demone gery word soos perde. Jy kan nou ook makliker die demone daarvan afskiet met jou pyle om die gebruikte Israeliete te bevry (*uitdryf van demone*). Jy weet ook dat hulle pyle nie meer by jou kan uitkom nie (*jy meng nie met hulle nie*). Jy sien ook dat dit veiliger is om vanaf die berg te veg en nie tussen hulle nie (*seks en dobbel huise*).

Met die klimtog sal jy ander groepe (*Koninkryk groepe*) ontmoet wat ook bergklim om te leer. Daar gaan wees wat andere help om die toerusting te gebruik, ander wat moet rus weens hulle beserings, andere wat al goed klim sonder om te val. Andere wat al bo—op die berg gewees het is al weer op pad na onder toe om die andere te gaan ondersteun aan die voet van die berg (*So is daar verskillende vlakke van die bediening en leerproses*). Met die bereik van die kruin van die berg sal jy die Boom van die Lewe sien (*YAHUSHA die Gesalfde*) waarvan Hy jou met Sy vrugte sal voed (*wysheid, verstand ens.*) met meer as wat jy besef. Vervul met krag en wysheid kan jy weer afgaan om te veg, maar die keer net vir Sy toekomstige Koninkryk. Matt.4:23; 9:35; 24:14; Mark.1:14; Luk.8:1; 9:2,60; 16:16

Die vyand is sterk en slu daarom pasop vir sy aanval tegniek. Hy weet dat jy nou Geloof, Hoop en Liefde ontvang het en kom na jou soos 'n troetel slang met jammerhartigheid (*wat gaan nou van ons word!*) wat jou omkrul, totdat hy jou vas het en jou druk en versmoor tot die dood (*liberalisme*). Min wetend, het YAHUSHA wysheid aan ons geskenk om die duisternis se geveg strategie te wys. Aan ons het YAHUSHA ook die verborgenhede van VADER geopenbaar om ons te versterk in die oorlog (Matt.13:11; Luk.8:10; 1 Pet.3:4). Ons grootste en sterkste wapen wat ons ontvang het kom van VADER, dit is Sy Liefde! Dit moet ons daaglikse brood wees sodat ons van krag tot krag kan groei. Ons sal nou nooit meer kan faal in enige gevegte met die duisternis nie. Ons moet sê "ons daaglikse brood is die liefde van VADER" (Joh.15:9, 10; 1 Joh.2:15)

In die oorlogsgeweld kom daar beserings wat VADER toelaat, om met jou te laat gebeur. Hy laat toe dat jy tot 'n mate gekwes of beseer word sodat jy daardeur kan leer en groei. (VADER versoek nooit nie, maar Hy ondersoek wel). Met die besering gaan jy na Sy militêre hospitaal toe om daar te gaan herstel en deur die behandeling leer en ontvang jy baie kennis oor die soort besering wat jy opgedoen het. Elke besering wat jy opdoen laat 'n ewige merk op jou, maar daardie merk word met goudstof bedek wat daar op jou bly. So elke beserings merk word 'n goue medalje wat jy ontvang as 'n ere -beloning. Sterker kan jy nou daaruit stap om ook andere daardeur te help en hulle te inspireer vir die genesing. So om beseer te word in die geveg vir VADER is 'n groot eer!!

Halleluja!